



STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.

Hoofredakteur—F. W. Buytendach.
Besigheidsbestuurder—D.J. v.d. Merwe
Medewerkers—V. E. D'Assonville, A Botha.
Sekretaris: B. Lombard.

Alle bydraes moet vroegtydig by een van die redaksielede ingehandig word.

Subredakteure—
P. v.d. Merwe.
P. Struwig.
R. G. Kriel.
Mej. F. Venter.

FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

Deel II. No. III. Vrydag 9 Mei, 1947. PRYS 2d.

# REDAKSIONEEL

## ONS MOET KONSOLIDEER.

'n Saak wat voorwaar onaangenaam aangedoen het en 'n mens altyd hartseer gestem het, is die dwarstrekkery en verdagmakery wat ons studentelewe, op nasionale gebied, in die afgelope paar jaar verál gekenmerk het. Die tragiese hiervan is die feit dat die stryd gaan tussen persone wat andersins presies eenders voel en dink —almal is Calviniste en tog voer hulle stryd teenmekaar—en dit juis is olie op die vuur van ons vyande. Van hierdie swakheid wat deur ons geopenbaar word maak hulle dan ook steeds gebruik om hulle posisie teen ons meer en meer te konsolideer, wat noodwendig beteken dat ons posisie met die loop van tyd al hoe hopeloser word.

Dat die ganse Blanke Suid-Afrikaanse Studentedom tot die worteloorsaak van hierdie onderlinge broedertwis deurgedring het deur die hand in die eerste plek in eie boesem te steek, blyk uit die konsolidering van kragte deur die stigting van 'n Federasie. Te midde van die gaos en wanorde waarin dit gebore is, kan mens nie anders as om te konkludeer dat dit 'n helder noot is wat uitstyg bo die wanklanke van kleinsielige ondermynende broedertwiste nie. Dit is voorwaar 'n prestasie wat die hart van die Afrikanerstudent weer vinniger laat klop, gedagtig aan die feit dat ons nou weer met ywer vir ons saak op universiteit kan stry—en dit met gekonsolideerde kragte! Hy of sy in 't klein of elke studente-organisasie in 't groot, wat hulle, indien hulle hulle by die Federasie sou inskakel, ontuis sal voel, is dienaars van verdeeldheid en van die liberalisme—diesulkes is ONCALVINISTIES en VYANDE van die Afrikanerstudente in besonder en van die Afrikanervolk in die algemeen. Hulle hanteer hulle self i.p.v. die saak—wat primêr moet wees plaas hulle deur hulle egoistiese idealisme, sekondêr.

Waar die besture van die A.N.S. en die A.S.B. op die oomblik besig is om samesprekings te hou ten einde 'n eenheidsgrondslag te vind, kan 'n mens nie anders as om dit te beskou as 'n voortreflike gebaar nie. Aan 'n inrigting soos die P.U.K. mag ons in geen opsig verdeeld wees nie. Daarom sien ons daarna uit dat bogenoemde twee verenigings 'n eenheidsgrondslag sal vind. Dit sou beteken 'n konsolidering van kragte wat ons nasionale strewe uitermate sal versterk en 'n uitskakeling van alle sinlose broedertwiste en onnodige bitterheid.

Ons vertrou dat bogenoemde samesprekings nie sal misluk nie. Alleen met gekonsolideerde kragte kan met sukses strydgevoer word, daarom moet ons ons kragte tot 'n hegte eenheid konsolideer.

## GELUKWENSING.

Namens al die studente 'n woord van hartlike gelukwensing aan die Wes-Transvalse Jukskeispan wat so voortreflik presteer het deur vir die tweede agtereenvolgende jaar die Koperbondstrofée te verower. Die span het bestaan uit die volgende P.U.Kaners t.w.: Mnre. Peet Struwig, Jood Struwig, Perd Venter en Lappies Labuschagne. Dat die Uniale kompetisie om die Koperbondstrofee nog slegs twee keer plaasgevind het en dat dit in beide gevalle deur P.U. Kaners gewen is is voorwaar 'n prestasie om trots op te wees. Namens ons almal nogmaals hartlik geluk! U eer is ook ons eer!

## BEROEP.

Daar die beloofde artikels oor die Evolusie-dwaling eers later beskikbaar sal wees vir plasing, doen ons hiermee 'n ernstige beroep op alle studente om intussen die artikels van Prof. dr. E. E. van Rooyen oor dieselfde saak, wat verskyn het in „Die Gereformeerde Vaandel," deeglik te bestudeer. Betrokke artikels het verskyn in die uitgawes van die eerste drie maande van hierdie jaar. Bestudeer hierdie artikels en ook die wat later in „Die Wapad" sal verskyn en oortuig u self dat die s.g. Evolusieleer kragtens geen bewysgrond aanvaar kan word nie.

## IN EN OM DIE P.U.K.

Hartlik geluk aan almal wat by geleentheid van die onlangse gradeplegtigheid grade ontvang het. Ons besondere gelukwensing aan die persone wat by dieselfde geleentheid doktersgrade ontvang het—dit getuig van 'n vrugbare en suksesvolle akademiese loopbaan.

* * *

Ons hartlike dank aan mnr. Poon Venter vir sy bydrae tot die Oudstudente-rubriek. Blykens sy brief

DIRK PONS en KIE

(Eienaars: AFRIKAANSE PERS BEPERK).

Die WINKEL vir STUDENTE en KUNSLIEFHEBBERS waar die grootste verskeidenheid en beste gehalte SKRYFBENODIGHEDE en KUNSWARE altyd in voorraad is.

STUDIEBOEKE
OPVOEDKUNDIG
FILOSOFIE
TEOLOGIES
TAALWERKE—
Afrikaans,
Engels, Duits,
Nederlands.
SKEIKUNDE
WISKUNDE
WETENSKAPPE, ens.

GESKENKE
Geskik vir alle geleenthede:
EETSTELLE, TEE- EN KOFFIESTELLE
GLASWARE, LEER- EN SILWER
ARTIKELS, ens.

BIBLIOTEEK
Groot verskeidenheid ROMANS en VERHALE in Afrikaans en Engels geskik vir enige Biblioteek en ideaal vir Geskenke.

DIENSTE
Ons het regstreekse verbinding met alle uitgewers in die Buiteland en neem bestellings aan vir enige BOEK of TYDSKRIF.

SPESIALISTE IN VULPENNE.
Grootste Voorraad en verskeidenheid in VULPENNE:
"Sheaffer," "Parker," "Waterman," "Swan," ens

ONS VOORSIEN ALLE KOLLEGES EN SKOLE.

DIRK PONS en KIE

Foon 363 POTCHEFSTROOM. Posbus 149,

(wat elders in hierdie uitgawe verskyn) is en bly hy dieselfde ou Poon van altyd nl. beginselvas.

Ons verneem dat hy weer “gecase” is, en deurdat die beloning na sy stryd om die „Skone” te bekom nog steeds soet bly, het hy nognie vir haar moeggeword nie. Groete van al die Pukkies, en ons wil weer van jou hoor.

* * *

Aan mnr. en mev. P. G. Geertsema ons hartlike gelukwensing met die geboorte van 'n seun—dit word beweer dat ou Paul nou snags maar min of gladnie slaap nie, daarom doen hy dit maar bedags in die klas.

* * *

Geluk aan alle verloofdes en „gecasedes” van wie ons nie kennis dra nie, en sterkte aan almal wat op die punt staan om verloof te raak of te „case”—onthou die beloning is soet!

* * *

Ons innige simpatie aan mnre. H. S. en A. J. Pelser met die afsterwe van hulle broer. Dit is ons opregte bede dat hulle in hierdie dae van beproewing die vertroostende krag van die Heilige Gees in ryke mate sal ervaar.

* * *

Die berig van die skielike afsterwe van mev. Botha, huismoeder van die dames, was vir ons almal 'n groot skok gewees. Mev. Botha was vir etlike jare verbonde aan die dameskoshuis as huismoeder en haar afsterwe is vir ons almal beslis 'n gevoelige verlies. Ons innige simpatie aan al haar familiebetrekkinge.

Die U.O.D 's kan nie „case” nie want hulle gaan slaap voor die maan opkom. Hoe hard werk hulle nie net nie!

* * *

Gekke word nie geplant of gekweek nie, hulle groei vanself.

* * *

'n Bietjie voorbedagtheid is soos sout op reis.

* * *

'n Opgeruimde man is in baie hoë mate 'n nuttige man.

# *Rubriek vir Algemeenhede*

## DIE WESE VAN PLIG.

### In Besonder die Sedelike Plig.

Ten onregte word plig in die daaglikse taalgebruik heel dikwels geidentifiseer met die begrip DWANG. Voordat ons egter die onderskeiding tussen die genoemde twee konsepsies helder en duidelik kan trek moet ons deur middel van en met behulp van die metode van teoretiese isolasie deurdring tot die WESE VAN PLIG.

Hiervolgens is plig in die eerste instansie iets wat die mens opgelê is, iets wat die mens behoort te doen. Pligte m.a.w. is TAKE. Elke plig het 'n teleologiese moment—daar is 'n sekere doel wat verwesentlik moet word. 'n Plig is 'n beperkte taak en elke indiwidu het sy eie take of pligte in sy lewe. Die wese van plig is sy HETORENOMIE d.w.s. dat dit opgelê word van buite deur 'n eksterne wese, faktore of omstandighede. Wese van Plig is iets ('n taak) wat jou opgelê is deur iets **anders.** Hierdie iets anders mag wees eksterne omstandighede, noodtoestande, organisasies, persone ens., maar uiteindelik berus dit tog in **God** wat die taakgewer is. Alle heteronomie is dus tenslotte gefundeer in TEONOMIE. Pligte vereis onselfgenoegsame wesens soos mense; dit kom as indiwiduele roepstemme, en is in alle omstandighede op unieke wyse gegee. Ons kan onderskei tussen verskillende soorte van pligte b.v. Godsdienstige pligte, sedelike pligte, juridiese pligte, estetiese-, ekonomiese- en ander pligte, ens.

Wanneer daar 'n treinongeluk plaasvind, en daar is heelwat beseerdes, en een van die oorgeblewenes wat ongedeerd daarvan afgekom het is 'n medicus, dan gewis en seker is dit sy plig om onmiddellik sy dienste te lewer en te poog om verligting aan te bring waar moontlik en met alle beskikbare middele die nood te verminder. Ons het hier te doen met 'n sedelike plig. Sedelikheid is ons gegee in die liefdesverhouding van mens tot mens d.w.s. in Persoonlikheidsliefde, en wanneer die noodsituasie van 'n medemens 'n beroep doen op ons Persoonlikheidsliefde, is dit 'n taak, 'n plig wat ons moet verwesentlik. Plig berus op die omstandighede wat die diens van die mens vereis. Omstandighede roep die indiwidu tot handele. Pligte is roepstemme, take wat 'n beroep doen op die mens. Hierdie roepstemme appeleer op die vryheid en verantwoordelikheid van die mens, en as jy hulle nie gehoorsaam nie; as jy weier om hulle te verwesentlik word hulle **dwangmomente.** Ek illustreer met 'n voorbeeld: Elke mondige burger in ons land het die taak of plig om jaarliks sy Persoonlike-belasting te betaal. Word hierdie belasting gretig betaal omdat die persoon dit as 'n voorreg beskou om iets by te dra tot die dekking van die Staatskoste, of om ander edele motiewe het hy die roepstem verwesentlik—was hy gehoorsaam. Weier die indiwidu egter om te luister na die roepstem, of die opgelegde taak van die Staat te doen, word hierdie plig 'n DWANG, en dwangpligte is uiters onaangenaam.

Is nou hierdie dinge wat roep outonoom of heteronoom? Iets wat nie—jyself is nie roep. Pligte is dus wesentlik heteronoom. Wat is dan die **outonomie** of **outonome**-momente in pligsvervulling? Ons noem die vernaamstes: Kennis, aanleg, liefdesfunksies ens. Die outonomie is m.i. gegee in die realisering van die plig. Die mens dien, heers en skep kultuur. Die roepstemme kom van buite tot die mens, maar met behulp van sy kennis, aanleg en liefdesfunksie realiseer die mens daardie roepstemme of take en in sover is hy as mens outononoom. Maar, outonome pligte in die sin van selfopgelegde pligte ken ons nie.

Die suigeling het behoefte aan versorging. Dis 'n taak wat die moeder roep! Sorg is haar plig, maar die liefdevolle versorging is haar outonomie. Waar vrees die dade van die mens bepaal handel hy onder dwang.

Sedelikheid vereis verpligtinge, heterenome sowel as outonome in 'n eenheid. Die noodtoestande van 'n naaste is heterogene pligsmomente wat opgelê word, en die verwesenliking daarvan is die outonome moment. Vanwaar kry ek die aanleg of outonomie? Ek ontvang dit van God wat elke mens toerus met 'n sekere anleg, gawes en talente ens. Vanwaar kry die omstandighede hulle verpligtende karakter? Sedelikheid is 'n roeping en dus is plig uiteindelik teonoom. Outonomie en heteronomie vind hulle diepste fundering dus in die Teonomie.

Pligte qua talis is altyd opgelê en selfopgelegde pligte is geen pligte as hulle nie in grondlegende pligte gegrond is nie. Selfopgelegde pligte is sekondêre pligte wat gegrond moet wees in die primêre pligte. Soos Eisler tereg sê, „Die Pflicht vereinigt Notwendigheit und Freiheit.” Die staat het geen reg om my te verplig as daarmee nie 'n primêre plig verwesentlik word nie. Alle pligte opgelê deur die mens op ander mense moet gegrond wees in die primêre pligte, gegrond in dit wat omstandighede regverdig.

Noodtoestande is situasies wat roep. Hulle ontstaan sonder die toedoen van die individu (in die meeste gevalle) Pligte word dus gevind en alle pligte is ROEPINGSTAKE. Sedelike pligte is sekere Roepingstake op die mens gelê deur sy verhouding met sy medemens, en daardeur bepaal. Eers waar die liefde ontbreek kom die dwangmomente. Kerk-besoek is vir die gelowige taakvervulling. Wanneer die liefde ontbreek word dit dwang en dus onaangenaam.

Daar bestaan natuurlik heelwat meningsverskil oor die wese van plig maar dit sal ons te vèr voer om die verskille oop te dek. Ons sal net luister na wat Immanuel Kant hieroor te sê het. Kant sien nie die heteronome karakter van plig in nie, en hy herlei alle pligte tot selelike pligte, en soos reeds aangetoon ken ons 'n groot variasie van pligte b.v. die godsdienstige—sedelike—ens. Outonome selfverpligting verabsoluteer hy, want vir hom is die wese van plig outonomie. Sedelike pligte stel hy in verhouding tot die wil (voluntas) van die mens, en nie tot Persoonlikheidsliefde nie; en pligte veranker hy derhalwe nie in Teonomie nie.

Vir Kant verder is 'n plig 'n handeling uit eerbied vir die sedewet. Dis wette wat jy jouself skep, nie omstandighede of node ens. nie. M.i. is dit nie 'n handeling uit eerbied vir die sedewet nie, maar veeleer 'n eerbied vir die noodsituasie.

Samevattend is dit duidelik vir ons dat pligte take is wat verwesentlik moet word. Dit is nie self opgelê maar deur God gegee. Dis roepstemme wat gerealiseer moet word deur die volle Persoonlikheid van die mnes Soli Deo Gloria.

E. J. G. NORVAL.

## BRIEF.

Geagte Redakteur,

Vergun my 'n paar woorde in u geëerde blad.

In die verlede is veel gepraat en geskrywe oor die swak en lakse gees op die P.U.K., en ook oor die wanverhouding wat alhier tussen die mans- en damesstudente sou bestaan. Ek voel ook die erns van die saak aan en sal self alles in my vermoë doen om genoemde ongerymdhede te bestry. Derhalwe doen ek graag aan die hand dat daar meer dikwels volkspeleaande georganiseer sal word. Dit is wel waar dat die studentelewe baie van ons kragte opeis, maar dit neem nie weg dat ons so'n uitstekende middel vir gesonde ontspanning en gesonde sosiale verkeer tussen die mans en dames so ernstig oor die hoof moet sien nie.

Ek hoop dat nie alleen die studente in die algemeen die saak so sal opneem nie, maar dat ook die betrokke besture aandag aan die saak sal gee. sal gee.

Hoogagtend,
I. J. v.d. WALT.


**BLACK EN KIE**
**BEPERK.**

KLERASIE VIR DIE HUISGESIN

**KLEURBAADJIES EN BROEKE, STEWELS EN SKOENE.**

**SPORT- EN DRAAGHEMDE VAN ALLE SOORTE.**

*Spesiale Benodighede vir Studente en Skoliere.*

Eersteklas Behandeling—Hoogste Waarde—Bring ons 'n Besoek!

**Posbus 197. Foon 179.**
**KERKSTRAAT 61, POTCHEFSTROOM.**

**J. HEIDEMA**

**Kerkstraat 30, teenoor die Geref. Kerk, POTCHEFSTROOM.**

**RYWIELE:**
**RALEIGH, ARGYLE, SUN, HERCULES, PHILLIPS, UNITY.**

MOTOR-RYWIELE:
**VELOCETTE MATCHLESS**

**J. HEIDEMA**

BERGERS BEPERK

*wat steeds lae pryse handhaaf*

—IN—

Dames-, Kinders-, Mans- en Seunsuitrustings.

BERGERS DROOGSKOONMAAKAFDELING vir vinnige aflewering en beste behandeling.

**PAKKE KLERE 2/11. BROEKE 1/3. ROKKE vanaf 2/11.**

*Probeer——Bergers Beperk——Eerste!*

Foon 138 POTCHEFSTROOM Kerkstraat 64

**BOTHA GOOSEN**

Kerkstraat 98,
Potchefstroom.

Foon 430 Posbus 81

—vir—

**MANSKLERASIE**

**ELKE DAG VARS.**

**TURKSTRA'S BAKKERY**

BROOD
en alle
KOEKSOORTE

Raadpleeg ons vir

***BRUIDSKOEKE***

**FOON 282. FOON 282**
**KERKSTRAAT 37, POTCHEFSTROOM.**

## EXELSIOR.

Met verbasing let ons op die geweldige vordering wat die wetenskap in die afgelope paar jaar gedoen het. Dat dit vrug van opofferende studie is, kan ons sonder meer bevestig.

Gaan daar ook in die rigting krag en besieling van die jeug uit? Ons sê, ja seker. Laat ons maar vir 'n oomblik let op die duisendtale wat hulle op Universiteite bevind in die wêreld, en dan besef ons watter reuse-aksie daar van die kant van die jeug uitgaan in belang van die wetenskap.

Ons is geneig om te vra: waar gaan die wêreld heen? Altyd maar beur dit vorentoe en hoër op.

Elke voorwaartse beweging stuur op een of ander doel áf, so ook die voortgang van die beskawing en die wetenskap. Hoeveel toegewyde wetenskaplikes kan in ons tyd hulle rekenskap gee van hierdie nie te geringe vraag nie?

Daar moet tog sin en betekenis wees in die beweginge van die mensheid en die wetenskap.

Weet elke jongman en jongdame waarop sy of haar studie eintlik afstuur? Gaan dit bloot om bestaansbeveiliging? Ek glo nie dat dit die eerste oogmerk van opofferende studie is nie. Dit bied soveel meer.

En hierdie b.g. vraag wil ek ook veral vra vir die studente van hierdie Universiteit, en dan dink ek in besonder aan hulle wat so pas hier aangeland het.

Kom u, u alleen verstandelik toerus? Indien dit die enigste doel van u studie is dan is dit maar 'n dood arme ideaal wat u nastreef.

Maar hoogsgelukkig is daardie jongmens wat in die lente van sy lewe, toegerus met die beminlikste hoedanighede, na siel en na liggaam, pal kan staan te midde van die versoekinge, wat hom en haar in die skoonste, maar ook die gevaarlikste tydperk omring. Soek u 'n sodanige toerusting dan sal u studie heerlike vrug vir u afwerp.

Elkeen van u wens om gelukkig te wees; wees verseker dat op hierdie weg, pligsbetragting, vastheid van karakter en doelbewustheid gedurig as rigtingwysers vir u moet dien.

Die lewe roep u toe: Hoër op—Exelsior!

U as jongmense kan die hoogste weg bereik. Dis geen hersingskim nie. maar u sal eers die ware sin en betekenis van die lewe, en van u studie moet ken voordat u daartoe enigsins instaat sal wees, anders sal u in een of ander doolhof wegdwaal.

Mag ek u dan as gids hierdie woord gee: „Dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid." As lig op die pad, wat soms so styl kan word, bied ek u verder 'n sleutel wat u altyd die toegang sal verleen tot 'n veilige weg, en dit is: „Waak en bid in u jeug."

L. J. BUYS.

## WAAROM DIT GOED IS OM REG TE DOEN, EN OOK REG IS OM GOED TE DOEN.

Plato hou voor dat die deug van voortreflikheid van alle dinge bestaan uit die doeltreffende vervulling van die aangewese funksie daarvan. Is die deug van die oog nie heldere siening nie? Eweso het die siel sy aangewese funksie, en gevolglik ook sy ooreenstemmende deug van voortreflikheid. Daardie funksie is die lewe, en daardie deug van voortreflikheid is goeie lewe. Niks kan sy funksie vervul as dit van sy deug beroof is nie; en die siel kan nie sy funksie vervul as dit ontbloot is van sy ware deug nie. Die siel kan dus slegs sy funksie vervul as dit die deug van goeie lewenswyse besit—die deug wat ook reg genoem word. Maar as die siel deug besit, die deug van goeie lewe of reg nl., besit dit ook geluk, wat noodwendig op reg volg; en die siel wat deugsamer is, of met ander woorde meer reg, is ook die gelukkiger siel. Aangesien geluk voordeliger is as ellende, volg dit dat reg, aangesien dit 'n gelukkiger, dit ook 'n voordeliger toestand as onreg is.

P. VAN ZYL AUCAMP.

## DIE VOLKSTRYD EN DIE STUDENTELEWE.

In die tyd waarin ons lewe word gedurig gepraat oor ons landstoestande sowel as internasionale verhoudinge. Ons as studente, staan egter meesal koud en belangloos i.v.m. die stryd wat voorhande is.

As ons die geskiedenis van ons nasie nagaan is dit duidelik dat die Boerevolk altyd 'n stryd gestry het om lewe en dood vir die behoud van sy erfenis,—'n Christelike Republiek, 'n blanke ras en 'n suiwer taal!

In die Kaapkolonie het die Engelse regering feitlik sonder uitsondering kant gekies teen hierdie dierbare erfenis van ons. Die grensboer moes as waghond oor die Christendom en beskawing optree.

Gedurende die Groot Trek moes die Boer weer handhaaf en veg wat vir hom dierbaar is en die fondamente is gelê by Bloedrivier vir 'n Christelike blanke beskawing.

Stryd het egter weer vir ons volk voorgelê. Die republieke het hulle vryheid verloor.

Dit is dus vir ons duidelik dat die Boerevolk vanaf die volksplanting in 1652 tot vandag toe gestaan het in die teken van stryd! Hierdie stryd het vanselfsprekend ernstige gevolge meegebring. In die maatskaplike, politieke, ekonomiese en godsdienstige lewe van ons volk het die botsing diep wonde gesny.

Die negrofiliste wat ons sedert Van der Kemp en Read in ons midde het, het in 1924 versterking ontvang in die kommunisme. Die afgelope oorlog het die kommunisme se hande versterk en die agitasie teen die blanke met vuur en krag voortgesit. Die geleidelike wanverhouding tussen blank en nie-blank lei tot die grootste fiasko wat ons land nog ooit te beurt geval het. En hierdie ramp staan voor die deur.

Vir ons as studente is hierdie ramp wat gewis kom, soms 'n blote abstraksie. Dit is buite die sfeer van ons belangstelling. Die toenemende naturelle-bevolking, die gevaarlike Indiër-vyand, die malende en soekende kleurlingbevolking, die Imperialistiese ryksbelange wat Liberalisme en Kommunisme inhou, en die ergste van alles 'n verdeelde Boerevolk wat afgeskadu word in ons eie studentelewe, sien ons oor die hoof.

Die prentjie is donker! En tog, tenspyte hiervan is dit pateties om te aanskou hoe ons ou volkie nog in sy skemerlig ronddwaal en soek. Ons het baie raadgewers: Sommige wil nuwe partye stig, ander wil wegdoen met party-politiek. 'n Mens sou sê dat 'n nuwe pak klere hartkwaal en bloedarmoede kan genees?

In die hart van elke Afrikanerstudent lê die krag en vuur om sy volk weer op die pad van Suid-Afrika te bring. In ons harte lê die vuur om die wapenrusting op te neem en die huidige stryd ons stryd te maak. Die roepstem om die behoud van ons godsdiens, ons beskawing en ons taal, kom ook tot ons as studente! Die roepstem van 'n volk, ons volk, op die drumpel van ondergang! Mag ons as studente daardie gesmoorde, langdurige en smekende stem om eenheid verontagsaam?

Ook ons kan ons deeltjie bydra tot die stryd. Alleen deur eenheid te bewerkstellig kan ons oorwin. Laat ons die gemeenskaplike vyand aanskou en aan ons medebroeder, al verskil hy van ons, toeroep: ‚Kom my broer,—jou belange is my belange—saam gaan ons veg en saam ruk ons op om te stry vir ons land."

W. J. DE KLERK.

## WETENSWAARDIGHEDE.

Jou adel spruit uit jou dade nie uit jou geboorte nie.

* * *

Dis die geloof van môre wat ons vandag laat droom van gister.

* * *

Die moedertaal is nie bloot 'n taal nie, dit is die hoeksteen van persoonlikheid.—West.

* * *

Liewer op die ashoop met my volk as in die paleise van vreemdes.—Gen. de Wet.

## VIA DOLOROSA . . .

Die grootste liefde
wat iemand ooit kan hê
Is om sy lewe
vir sy vriende af te lê:
O God, lê weer op my die roepingsdwang
Dat ek op aarde niks meer mag verlang
As om U Liefdesboodskap uit te dra
Sonder erkenning vir my diens te vra.
Gee my krag blymoedig vir my volk te ly
Al sou ek versmading as hul beloning kry;
Dat wanneer beswyk deur wonde
Van hul spykers in my hand
Ek in dié laaste donker stonde
Nog mag bid vir volk en land.

J. P. B. VILJOEN.

## DIE WEKROEP.

(Op die wysie van „Voortrekker Holdrio").

Kom na die Tuinstad, kom en geniet
Vrolikheid wat studente jou bied;
Kom en besigtig Mooirivierstroom:
Daar waar jy heerlik in vreugde kan droom;
Kom na die weste, kom en aanskou
Skoonheid van kleure in Potchefstroom nou.

Waarom 'n weemoed, waarom gedoog
Diepe bepeinsings? By Mooiriviersoog,
Daar is die lewe, daar is die vreug:
Vreugde en blydskap in studente se jeug.
Waarom dus weifel, waarom 'n keus?
Potchefstroom bly studente se leus!

L. S. KRUGER.

## OUDSTUDENTE —RUBRIEK—

Posbus 2,
Pitgietersrust.
13 April, 1947.

Die Redakteur,
„Die Wapad,"
P.U.K. vir C.H.O.

Geagte vriend en Pukke,

Hier in die eensaamheid van die Bosvelddorpie het my gedagtes die afgelope dae wye vlugte geneem en telkens was die wieke van my gedagtes gewend in die rigting van ons Alma Mater, want het ek nie in die dagblaaie berigte gelees i.v.m. P.U.K. nie —waarvan sommige die gees blymoedig stem en jou trots laat voel op die naam P.U.K.! Ander egter bring die binneste in beroering en laat 'n mens tweemaal dink! En juis oor hierdie dualismes en konflikte wil ek die woord gooi.

In die eerste plek baie hartlik geluk met die prestasie van die Jukskeispan in die Uniale toernooi. Aan Peet, Jood, Perd en Lappies—en aan alle ander Pukke wat graag Pukke wil wees roep ek—en ek is seker dat meer veterane so voel—„Bravo!"

Nou die ander saak wat my ingewande so laat gallop! In die afgelope tyd moes ek telkens bemerk dat daar hier en daar toegegee word aan die liberalisme—dinge wat P.U.K. nie pas nie en wat vreemd is aan die aard van ons Alma Mater. En hier verwys ek na sulke dinge soos deelname aan die „Dalrymple" waar die hele gees en alles wat ons inrigting heilig is opgeoffer word terwille van sport. Wat nog hierby gevoeg kan word is dat ek sien dat die Noord-Transvaalse Rugby-unie 'n plan het om 'n voetbaltoernooi te hou wat sommer 'n hele week sal aanhou en waaraan al die Universiteite sal deelneem, o.a. P.U.K., Wits ens.

Dit is ook hierdie dinge wat ek graag wil vermaan! Pukkies het julle dan al vergeet waarom daar nie met sommige Universiteite aan sport deelgeneem word nie? Is die beginselsake van twee jaar gelede nie meer beginselsake nie? Pukkies, wees versigtig in hierdie dinge, en onthou dat P.U.K. sy bestaan regverdig deur sy unieke gees wat hy nog altyd handhaaf. Hou alles wat liberaal is weg en streef om alles wat by die Boer tuishoort aan die P.U.K. te handhaaf.

Aan al die spykeroloë wil ek ten slotte 'n woordjie van bemoediging toeroep. Die weg wat julle bewandel is 'n swaar en opdraendpad maar die beloning is soet. (Hoegemaak as mens moeg word?—Red.) Volhard en wees vasberade!!!

Opregte Pukgroete,
POON VENTER.

## SPORTRUBRIEK

Die sportaktiwiteite is reeds in volle gang. Wedstryde is reeds deur alle klubs gespeel en dit wil voorkom asof al die klubs vanjaar—in die lig van oorwinnings wat reeds behaal is, enduit besonder gelukkig sal wees.

Ons wil hiermee ons hartlike dank uitspreek vir die onvermoeide ywer wat deur die afrigters(sters) aan die dag gelê word om die spelers(sters) so goed as moontlik af te rig. Sonder goeie afrigting kan geen span presteer nie. Met goeie afrigting sonder meer kan egter niks bereik word nie —dit is die plig van elke speler(ster) om ook sy/haar gewig tenvolle in te gooi. Dit is duidelik dat die afrigting vanjaar niks tewense oorlaat nie—as daar fout gesoek moet word, dan sal dit by die spelers(sters) gevind word en nie by die afrigters (sters) nie.

Aan alle klubs: sterkte met u ondernemings!

## Varia Rubriek

### IN MEMORIAM.

### 'n Simfoniese Elegie.

Soos die veraf gerommel en gegrom van 'n briesende donderstorm, soos die geamalgameerde, gepasteuriseurde en gegolfde desonante van 'n "Scottish band," so het die hoogssimfoniese snaarlied van die Gaaipe wat gekomponeer was op die versmaat van Anpes, verander tot 'n treurlied, tot een van Molotof Gebroeders se Nocturnes in B Wit Mol en C Kruis Majoor, ja, tot die dodemars van eigen dekadensie en disintegrasie of ondergang; m.a.w. dit het geword 'n elegiese parodie wat op melodramatiese wyse die heengaan van die humoristiese henne en hane, swepies en swepe, leiers en adjunk leiers uitgedawer het volgens prolептiese gebruik met spesiale verwysing na Kant.

Hierdie oudste Konglomeraat van ekstatiese ordes in die ganske Unie van Suid-Afrika (Suidwes kan lesbes ook ingesluit word) waarin geaffilieer en gekoöpteer is die Olimpiese Spele met Erna Sak as ere-vise-onder-Presidente, het besluit om hulle nie te isoleer en te separeer of te disjungeer nie van die rest van die federatiwe unie nie, en so is die swaartepunt van Archimedes en die linguistiese spykers van Demosthenes verlê na die soetsappigheid van John MacCormack, die Russiese ambassadeur op die Madagaskarse of tewete die Askarse krokodille kongres, om so die galante en elegante Ridders van die mielieblaarklub, 'n kans, 'n geleentheid en approbatiewe okaksie te skenk. Met papistiese onsekerheid oor die bestaansreg van die individualiteit in eie kring, oor die ignoviteit aangaande die toekoms, met die chemiekliese kwinslae van 'n hamerkop en die inkpotlike, predominale, anargale en peperkistiese likkewaanmanewales, het die "White House" van die Gaaipe besluit om 'n onwettige vergadering om hulle setel te muteer of te verskuif na Hong-Kong, skuins duskant die Panamakanaal waar Vasgo da Gama in bondganootskap met Metternich, sy baken opgerig het, drie treë Wes van die tennishuisie.

Op die wysie word dan getrag om alle sinistiese en kritisistiese idoles in die ban te doen. Soos die onontbeerlikheid van seepballe in die fisiko-chemiese wêreld algemeen bekend is, so onontbeerlik is die magiese verdwyning van die geleerde gekontroleerde, gesistimatiseerde, gemanifesteerde en

gemodifiseerde skaduwees van dese helde. Vanwaar die paddastoel op sy eie leuning leun in Cuba tot waar die kleiosse van Noorweë sierig pryk, was die gnostiseerde, laudabele gefisiteerde anatomies-welgevormde strukture in die geheue van alle anorganiese breiselle ingebrand. Na gereelde huppelende beesvelryery en herkouing van ou boontjiesap, het Vesuvius se gegrom opgehou, die Scottish band het geswyg, en in die gedaante van 'n swart tweetand kat het die gevleuelde skaduwee verdwyn agter die horison en gesigseinder van die herinnering. Die Haan sal daar nie meer oor kraai nie.

En nou bly nog net oor die laaste mimiese komiese en prelimêre sertifisasie dat hierdie esels die tuig ontneem is in die midde van die stryd. In gemeubileerde voetnote het die Redaktoriale vindingrykheid die Punctum Essentiae deurgesien nl. dat die Haan met hoed en al verdwyn het. Die draadlose argief is geapprehendeer deur Makapan se skoonsuster ter oriëntering van die aanrollende affiniteite en geestesverwante.

Die laaste, dringende, urgente, vehementêre, skouspelagtige, preseptiese versoek en beroep van die verdwene, gecamouflerde, gedeporteerde en geëmigreerde Haan was dat die aktiewe tonge passief sal bly.

Laast wil en testament:

Geagte Redakteur (van die Wa en Pad), Geagte Mederedakteure, Ondermede-redakteure, Geagte ander Eure en Non-Eure, Geagte Gaaipe en Anti-Gaaipe, Geagte Novietsie en Non-Novietsie, al die Geagte ander Geagtes en non Geagtes aan dese setel van geleerdhid, ongleerdheid, mooiheid en soetheid, wonderlikheid en droogheid en al die ander Heide en Non-Heide,

Die Gaaipe was gewees!
Nie Troelie nie,
(en ook nie Jors nie)
maar Kaptein Haan.
DIXI.

[Hulle heengaan word diep betreur.—Red.]

## PIET DIE SWAGER.

Soos my o'lee ouma almelee gesê het, is ek as't ware gebore toe my talente al halfpad ontwikkel was,—en my o'lee ouma het nooit 'n fout gemaak nie. Ek noem spesiaal my ouma—want my ma en my pa kon nooit die wonderbaarlike genie in my raaksien nie. Hulle het almelee weer meewanig die hoof geskud en . . . , dit laat my tog dink dat my ouma gelyk gehad het.

Soos ek oor die waggel,- vanaf die kruip- tot die loopstadium gevorder het in die lewe, het ook my talente soos 'n sonneblom ontdooi. As jong skilder sonder faam het dit met my goed gegaan. Van die heel onderste trap van die leer af, tot amper heel bo het ek geklim, en met my styging het ook beroemdheid nie agterweë gebly nie; maar (daar is altyd 'n maar in die lewe, waar daar nie 'n maar moet wees nie, en almiskie is ek ook maar maer, en die lewe ook maar maer—maar dit nou tot daarheen) maar, soos ek gesê het, ek het amper tot die hoogste sport van die leer geklim—nouja—ek kan nie help as die meid die vloere te glad opvryf nie, en ek kan ook nie help as my ma nie kans sien om weer die bruinverf uit haar beddegoed te kry nie—want as die vloer glad is gly die leer, . . . en toe het ek maar die verf en die vensster oorgelaat aan my Oom Jan, wat 'n man is wat van 'n parafiienkas tot 'n dak kan verf.

(Oom die Redakteur—ek vra jou kan van den Heever so 'n lang sin neerpen as ek, hierbo?)

Na hierdie wrede vermorseling van die skone in my gees, was my toekoms uitgebaken—ek sou meer manlike talente laat ontwikkel. Die eerste probeerslag was op my nefie. Hier dien net gemeld te word dat ek my nou begeef het in die rigting van die kryt en die bokshandskoen, en dat my nefie net mooi ses jaar jonger was as ek—maar almiskie . . . .). Na 'n paar mokerhoue wat effens mis getrek het, het my onfeilbare instinkte my tot hulp gesnel, en 'n soveelste hou het getref. Grensend het ons albei weggehardloop, maar (maar weer dieselfde maar van netnou—maar) toe het ek begin oefen met 'n lus en onvermoeide ywer wat geen wêreldkampioen nog ooi geken het nie. My gimnasium was die spaarkamer, en my apparaat die groot spieël van die hangkas. Met die verloop van etlike dae het my entoesiasme geweldige afmetings aangeneem—en ek kan nie juis byhou met die oefen nie. Dit was weer met die slag dat ek net lekker opgewarm was, toe al my talente uitborrel en in my blindheid wou ek myself platslaan . . . nouja—ek kan nie help as die spieël van vrotsige glas gemaak is nie, nog minder kan ek help dat dit breekbaar was . . . wat sekere hooggeplaaste persone in ons huishouding hieroor te sê gehad het, sal ek maar soos 'n goeie wysgeer verswyg . . .

Op die moeisame weg van akedemiese geleerdheid het ek dit ook ver gebring. Nadat ek my mondigwording reeds in standerd vyf gevier het, het ek op middelbare leeftyd ook die universiteit besoek. Hier het ek my veral toegelê op 'n intensiewe studie van klasfooie en registrasiekaarte. Nadat ek met sukses die eerstejaarskursusse in die Skeikunde viermaal gedop het, en nadat ek na twee jaar se harde werk moes uitvind dat Professor Magneetis nie Grieks nie, maar wel Hebreeus doseer (later het swaar Piet my meegedeel dat hy eintlik fisika-professor is), het my pa my aangespreek. Hy het heelwat en baie lank gepraat. Wat hy gesê weet geen mens nie, maar wat hy gedreig het, weet ek, ja, hy het gesê, „Kyk ou seun, kyk, vanjaar is die jaar wat jy net twee dinge daar op universiteit moet voor oë hou; en dit ou seun is „koem loud ê" of „koem bek" . . . Nouja—dit was nie „koem loudê" nie, dit was „koem bek" . . .

Ek was nou verplie gestoot—en het besluit om in die huidige toekoms my eie heil uit te werk. Laasgenoemde woord is eintlik misleidend, maar (verskoon oom redaksie—maar ek kan maar nie ontslae raak van al die mare nie), maar ek wou eintlik sê dat ek smokkelaar van beeste geword het. Inderhaas wend ek my skrede na Kafferland, en eerlank het ek 'n duisend of wat maar maerige besies in die hande gekry. Met die oorjaery (eintlik oorsmokkelary . . . . maar) het die helfte gevrek en die res siek geword. Later het hulle ook gevrek—duskant die grens. En terwyl ek nog daar op die grens my lot sit te beklaag, sak die poliesmanne my toe soos mistige weer op mount ôks Sorsies. Die balju was ook nie lank agterwee nie, want op 'n goeie dag slaan hy, die waterfiskaal en die gesondheidsbeamptе, daar uit. Hulle beskuldig my dat ek, sonder behoorlike magtiging daartoe, die grens moedswillig en met voorbedagte rade verskuif het. Die saak was so: vir myle duskant die grens kon geen witmens dit waag nie—weens die tekeerganery van die dooie beeste—en anderkant die grens kon die kaffers, omrede hul platneuse,—heerlik rondloop. Die slotsom van die saak was: ek kon nie betaal nie, die regering wou nie, en die dokters het my kop beskuldig van onsistematiese werking—dus het hulle my maar laat loop en die beeste laat lê.

## KAF TUSSEN DIE KORRELS

Oom Piet Beesnek van Klipgatfontein se enigste seun, Gert Dubbeldoor, was op Universiteit, en die Gert was vanwee sy naam en as gevolg van nog 'n ander feit 'n snaakse kêrel.

Die Gert was sy Pa se liefling en gereeld het hy vanaf die koshuis aan sy Pa geskrywe. Sy briewe was so treffend dat sy Pa dit bewaar het, en eers vanwee sy Pa se gedaanheid is die briewe ter insae gebied. En nou volg 'n paar interessante briewe:

No. I.

Sneeupiek,
Grenskollege,
Soms.

Ag Pa en Ma,

Onthou Pa nog vir Gert? Pa, dis onuithoubaar hier. Hier is teveel mense se kinders Pa, party het seker ook maar snaakse Ma's gehad. Sê tog groete vir Ma, Pa.

Ag Pa, weet Pa hier is darem snaakse studente—om maar 'n voorbeeld te neem, die Longicorpus Magnificus. Ag Pa, hy is eienaardig want hy stel belang in spykerologie. Ek weet Pa wat is dit? Hy kyk al na meisies—hy is nog bloedjonk want sy kenbaarde rank nognie eers nie. Hy wil net „case" Pa—en weet Pa wat is dit? Nee wag Pa, ek kry skaam vir sy part—„case" is te vreeslik vir woorde.

'n Ander snaakse kêrel is die Ampissime Bokblerimus—hy is 'n ware gaos Pa, so effens 'n geroeste knaap wat al glo „gecase" is, en Pa die ergste van alles is, hy wil alweer aanlê—ag Pa, hou duimvas dat hy maar moet mislê, anders sal ons iets moet sê sodat hy sy lag kan aflê voordat hy sy hart verlê.

Met trane in my neus,
en liefde,
GERT DUBBELDOOR.

Nou dat die winter weer stadig begin naderkruip word Thaba-engkuhlu weer druk vanuit die Suide en die Noorde besoek—as die dames sou weet dat die meeste besoeke afgelê word bloot met die oog op die verwarming van die hande, sou meeste van hulle verkies om liewer handskoene te dra.

* * *

Dit word vertel dat die diepste grond van liefde simpatie is—as dit die geval sou wees dan was meeste van diegene wiese pogings om te „case" tot nogtoe misluk het, reeds lankal „gecase."

* * *

Sommige persone het dit darem uiters moeilik t.o.v. hulle spykerologiese loopbaan, want telkens en telkens word die volgende woorde aangehoor: „Die wat my wil hê, wil ek nie hê nie en die wat ek wil hê, wil my nie hê nie." Foeitog!!!! Dit moet seker swaar wees!

* * *

Die ervaring het geleer dat 'n winter „case" nege uit die tien gevalle bestendig bly—miskien sal hierdie uitspraak wat as bewys aanvaar moet word, die stimulis wees om etlike bittereinders vanuit hulle verslaenheid en neergeboëndheid op te hef ten einde weer 'n heldhaftige poging aan te wend—die regte gesindheid van die kant van beide partye word dan ook geskep deur die koue weer wat mens in hierdie dae weer moet ervaar. Ons gaan hulle dophou!

## WETENSWAARDIGHEDE

Ek weet dat vryheid altyd 'n vlammende vuur is—dat dit onversoenbaar is met daardie dadeloosheid wat alleen by slawe pas.—P.V.V.

* * *

Die ink van die student is netso kosbaar as die bloed van die martelaar.—Arabiese spreuk.

Besoek die Studente-

en Eg-Afrikaanse Kafee

SONSKYN

★

*Bediening na u Bevrediging*

Gedruk deur die Westelike Stem, Potchefstroom vir die uitgewers, Studente Vert. Raad, P.U.K. vir C.H.O., Potchefstroom.

W. J. GROBBELAAR

DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*
*Helen Curtess Machineless Oil Perm.*
*Jamal Machineless Cream Perm.*
BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Mansafdeling:—Verminderde Tarief vir Studente Weeksdae.

Tel. 330. Kerkstraat 92.
Potchefstroom.

INGRAM SE BOTTELSTOOR

(Eienares: Mev. C. M. INGRAM).

INGEVOERDE
en
KOLONIALE
WYNSOORTE
en
SPIRITUALIEË

O.K BAZAAR
(1929) BEPERK

60 Departemente onder een Dak.

Kruideniersware en Voedselware, Mans- en Dames-klerasie, Toiletware en Medisyne, Koek en Lekkers, Meubels ——— ens.

O.K. BAZAAR
POTCHEFSTROOM

Elke Dag 'n Uitverkopingsdag.